# IN MEI SÊ ONS dankie!

## DANKBAARHEIDSMAAND 2026

**In 1 Tessalonisense 5:18 lees ons die volgende woorde: "Wees in alle omstandighede dankbaar; want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus."**

**In ons gemeente is Meimaand Dankbaarheidsmaand en op Sondag 31 Mei sluit ons die maand af met 'n spesiale Dankdiens.**

**Hoe sê ons dankie? Ons wil dankie sê met ons monde, hande en gawes. Ons dank die Here met sang, gebede en woorde. Ons dank die Here deur dade van dankbaarheid te doen. Ons dank die Here met ons fisiese gawes.**

**As jy vanjaar materiële seën van die Here ontvang het, wil ons jou aanmoedig om in hierdie maand iets ekstra vir sy koninkrykswerk te gee.**

Christus is die Here, daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou, om so sy groot opdrag uit te leef.

# HOE LYK ONS GEMEENTE SE FINANSIES TANS?

Die gemeente is afhanklik van lidmate se dankoffers om werksaamhede te befonds, salarisse te betaal en instandhouding aan geboue te verrig. Ons as gemeente is die rentmeesters van die fondse, geboue en alle ander gawes wat die Here aan ons toevertrou. Ons as gemeente moet ook gerig wees op die koninkryk van God, want 'n gemeente van die Here bestaan nie ter wille van haarself nie, maar ter wille van die wêreld.

Wat die boekjaar van 2025/2026 aangaan, sal ons aan die gemeente breedvoerig terugvoer gee sodra ons die geouditeerde state ontvang het. Na aanleiding van verlede jaar se geouditeerde state, is 'n Rentmeesterbediening begin wat gereeld terugvoer aan die gemeente sal gee. Ons het groot eiendomsuitgawes die afgelope jaar gehad, maar as gevolg van ons rente op die beleggings en elkeen se bydraes, kon ons dit afhandel en alle werksaamhede onverpoosd voortsit.
Ons dank u vir u getroue ondersteuning.

## So kan ek my bydrae maak:

**Daar is dankofferkoeverte by die kantoor beskikbaar, asook kaartfasiliteite. Indien jy met 'n maandelikse aftrekorder wil gee, reël dit asseblief met die bank. Jy kan ook elektroniese inbetalings doen of die Snapscan-kode gebruik om 'n betaling te maak.**

**Onthou om altyd 'n verwysing in te vul. Jy is welkom om jou naam as verwysing te gebruik, of net die woord "dankoffer".**

**BANKBESONDERHEDE**
NGK Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Stellenbosch
Takkode: 149 821 / 198 765
Rekeningnommer: 149 804 6320